Middelburg Hoërskool

# AANSOEK OM TOELATING 2027

***Aansoeke open 4 Mei 2026.***

**Prosedures:**

1. Voltooi die aansoekvorm.
2. Sorg dat alle stawende dokumente aangeheg is.
3. E-pos die voltooide vorm met die dokumente na hsmiddelburg@middies.co.za / tventer@middies.co.za
4. Sluitingsdatum: 31 Augustus 2026.

***Neem kennis:***

*Voltooide aansoekvorm waarborg nie plek by die skool nie. Daar is steeds 'n keuringsproses waarna u in kennis gestel sal word of die leerder se aansoek suksesvol was of nie.*

# APPLICATION FOR ADMISSION 2027

***Applications open 4 May 2026.***

**Procedures:**

1. Complete the application form
2. Ensure that all supporting documents are attached.
3. Email completed form with documents to hsmiddelburg@middies.co.za / tventer@middies.co.za
4. Closing date: 31 August 2026.

***Take note:***

*Completed application form does not guarantee a place at the school. There is still a selection process after which you will be informed whether the learner's application was successful or not.*

013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

Middelburg Hoërskool

2027 Aansoekvorm

| |
|---|
| **Nuwe leerders:** |
| **Goedgekeur:** |
| **Handtekening:** |
| ***Kantoorgebruik*** |

| **SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK** | | |
|---|---|---|
| **Vandag se datum (dd/mm/yyyy)** | **Rekeningnr** | **Toelatingsnr** |
| **Toegeken Ja / Nee** | **Bedrag** | **Terugvoer** |

# AANSOEK OM TOELATING VIR 2027: GRAAD _________

*Hierdie vorm moet deur een van die ouers self voltooi word en **nie** deur die betrokke leerder nie. Gebruik asseblief **drukskrif** en voltooi die aansoek met **ink.** Omkring/merk waar nodig en skrap die dele wat nie van toepassing is nie.*

| **SLEGS NUWE AANSOEK** | | |
|---|---|---|
| Vorige skool, dorp en provinsie | | |
| Land van herkoms | | |
| Rede waarom leerling die vorige skool verlaat het ***(indien die vorige skool 'n hoërskool is)*** | | |
| Hoogste graad **geslaag *(heg 'n afskrif van die jongste eksamenuitslae aan)*** | | |
| Grade wat die leerling reeds herhaal het | | |
| Gaan u ook aansoek gedoen vir koshuisinwoning vir hierdie leerling? | **JA** | **NEE** |
| ***LW!*** *Indien **JA** neem kennis dat 'n **afsonderlike ooreenkoms** vir koshuisinwoning met die skool gesluit moet word. Indien u aansoek suksesvol is na keuringsproses, dan is daar 'n R3000 deposito.* | | |

| **Ek onderneem om die volgende dokumente saam met die aansoek in te handig en verstaan dat GEEN aansoek aanvaar sal word sonder die ondergenoemde dokumente nie, veral m.b.t. GEBOORTESERTIFIKAAT. Indien die ouers se vanne verskil in die ID-dokumente, moet 'n huweliksertifikaat aangeheg word.** | |
|---|---|
| Leerder se geboortesertifikaat **VERPLIGTEND.** | |
| ID-dokumente van **BEIDE OUERS** | |
| Nuutste water-en ligterekening | |
| Jongste eksamenuitslae/nuutse rapport van vorige skool | |
| Getuigskrif/Gedragbesonderhede van vorige skool | |
| Oorplasingskaart (Slegs vir graad 9 tot 12) | |

| **Inligting oor die leerder** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Leerder se van | | | | | Ras: √ | |
| Leerder se volle name | | | | | Swart | ☐ |
| Noemnaam | | | | | Asiër | ☐ |
| Manlik / Vroulik | | | | | Gekleurd | ☐ |
| Hand voorkeur | Regs | | Links | | Indiër | ☐ |
| ID-nommer | | | | | Blank | ☐ |
| Posisie van hierdie leerder in gesin (bv. 1 van 3) | | | | | Ander | ☐ |
| Selfoonnommer van leerder | | | Kerkverband | | | |
| E-pos van leerder | | | | | | |

Hiermee doen ek (mnr / mev) ____________________________________________ die vader / moeder / wettige voog van bogenoemde leerder aansoek dat hy/sy toegelaat word as 'n leerder van Middelburg Hoërskool *(indien wettige voog, moet dokumente ter stawing van voogdyskap aangeheg word).*

| |
|---|
| ***Parafeer*** |



ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5 013 243 5044
O.R. Tambostraat 1 Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811 Middelburg, 1050
hsmiddelburg @middies.co.za

Middelburg Hoërskool

2027 Aansoekvorm

**A. Besonderhede van persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van hierdie leerling se skoolgeld**

**Verwantskap met die leerling(merk met 'n X)**

| Vader | Moeder | Stiefvader | Stiefmoeder | Oupa | Ouma | Oom | Tannie | Pleegouer | Ander (spesifiseer) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Titel, voorletters en van | | |
| Volle voorname | | |
| ID-nommer | | |
| Woonadres | | |
| Posadres | | |
| Beroep | | |
| Naam van werkgewer | | |
| Werkgewer se straatadres | | |
| Werk u in Middelburg | Ja | Nee |
| Telefoonnommers – Werk | | |
| Telefoonnommers – Huis | | |
| Selfoonnommer | | |
| E-posadres | | |

**B. Besonderhede van Ander Ouer / Voog**
Hierdie afdeling moet asseblief ook voltooi word ***(dui aan indien oorlede en heg asseblief 'n afskrif van doodsertifikaat aan)***

**Verwantskap met die leerling(merk met 'n X)**

| Vader | Moeder | Stiefvader | Stiefmoeder | Oupa | Ouma | Oom | Tannie | Pleegouer | Ander (spesifiseer) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Titel, voorletters en van | | |
| Volle voorname | | |
| ID-nommer | | |
| Woonadres (indien dit verskil van A) | | |
| Posadres (indien dit verskil van A) | | |
| Beroep | | |
| Naam van werkgewer | | |
| Werkgewer se straatadres | | |
| Werk u in Middelburg | Ja | Nee |
| Telefoonnommers – Werk | | |
| Telefoonnommers – Huis | | |
| Selfoonnommer | | |
| E-posadres | | |


013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

***Parafeer***

| C. Familielid of kennis wat gekontak kan word word indien daar nie met u in aanraking getree kan word nie: | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Verwantskap met die leerling (merk met 'n X)** | | | | | | | | |
| Broer | Suster | Oupa | Ouma | Oom | Tannie | Buurman | Familie vriend | Ander (spesifiseer) |
| | | | | | | | | |

| | |
|---|---|
| Titel, voorletters en van | |
| Woonadres | |
| Telefoonnommers – Werk | |
| Telefoonnommers – Huis | |
| Telefoonnommers – Selfoonnommer | |
| E-posadres | |

| Leerder woon tans by (Merk waar van toepassing) | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eie vader & eie moeder | Moeder | Enkelouer – E<br>Geskei – G<br>Weduwee – W<br>(Merk met die nodige letter) | Vader | Enkelouer – E<br>Geskei – G<br>Weduwee – W<br>(Merk met die nodige letter) | Moeder & stiefvader | Vader & stiefmoeder | Ouma/ Oupa |
| | | | | | | | |

| Broers en/of susters in Middelburg Hoërskool (naam en graad) | |
|---|---|
| | |
| | |

| Onderriggeld | |
|---|---|
| Volgens die SA Skolewet is beide ouers van 'n leerder in 'n betrokke skool wetlik verplig om die voorgeskrewe skoolgeld te betaal asook om die voorgeskrewe skoolfonds voor die **7de** van elke maand te betaal.<br><br>Skoolgeld word jaarliks deur die verkose Beheerliggaam vasgestel, nadat 'n begroting opgestel is vir die volgende jaar | |
| **Ek neem kennis van voorafgenoemde voorwaardes<br>Ouer handtekening** | |

- Let asseblief daarop dat sommige ouers moontlik op grond van die jaarlikse **bruto** inkomste van beide ouers, mag kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling vir betaling van skoolgeld.
- Volledige besonderhede i.v.m. die kriteria, die aansoekprosedure asook die glyskaal waarvolgens dit bereken word, kan by die skoolgeldkantoor verkry word en aansoeke om vrystelling moet jaarliks ***teen 28 Februarie*** by die skoolfondskantoor ingehandig word.
- U bly verantwoordelik vir die betaling van alle skoolgeld totdat u aansoek goedgekeur is.
- Die sluitingsdatum vir eenmalige betalings is die 15 Januarie 2027. Indien u die opsie van maandelikse betalings soos hieronder uiteengesit, uitoefen, is die skoolgeld betaalbaar in **10 gelyke paaiemente, vooruitbetaalbaar vanaf 1 Januarie 2027 – 1 Oktober 2027)**.
- Alhoewel 'n redelike tydperk toegelaat word vir die betaling van skoolgeld, sal die **volle bedrag** opeisbaar en betaalbaar word indien die ouer agter raak met die paaiemente. Dit beteken dat die **volle bedrag wat vir die jaar** uitstaande is, plus rente, aan die skool se regsverteenwoordigers, oorhandig sal word vir invordering.
- **Middelburg Hoërskool se invorderings word deur CBJ Prokureurs in Witbank hanteer. Alle skoolfonds wat op 90 dae nog nie vereffen is nie, en waar geen reëling getref is nie, word oorhandig. Kontak asseblief Krisna Jenkins by CBJ Prokureurs (013) 653 3500 indien u rekening oorhandig is. CBJ Prokureurs hanteer ook die subsidie-aansoeke vir 2025. Aansoekvorms is by die skoolfondskantoor beskikbaar.**
- **Daar sal / kan nie teen 'n leerling gediskrimineer word op grond van wanbetaling van skoolgeld deur die ouer nie, maar ouers moet asseblief van die volgende kennis neem:**



Parafeer

013 282 7393/4/5 013 243 5044 | O.R. Tambostraat 1 Middelburg, 1050 | 013 282 4402 | www.middies.co.za | P/Sak X251811 Middelburg, 1050 | hsmiddelburg @middies.co.za

Indien agterstallige skoolgeld aan die skool se regsverteenwoordiger oorhandig word vir invordering, stem ek toe tot die volgende -

- Ek aanvaar aanspreeklikheid vir betaling van alle regskoste deur die skool aangegaan soos op die skaal van prokureur en kliënt asook die betaling van invorderingskommissie soos gehef deur die skool se regsverteenwoordiger. Ek stem ook hiermee toe dat indien dit gebeur, 'n bedrag gelykstaande aan die maandelikse paaiement maandeliks van my salaris of loon wat ek by my werkgewer ontvang, verhaal mag word.
- Dit word uitdruklik ooreengekom dat die skool geregtig sal wees om enige betaling wat gemaak word, aan te wend vir sodanige debiete of uitstaande gelde as wat die skool in hulle uitsluitlike diskresie mag bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| Gaan u aansoek doen om 'n korting op die onderriggeld?<br>(**LW!** Indien JA neem kennis dat sodanige aansoek teen 28 Februarie by die skool ingehandig moet word) | **JA** | **NEE** |
| **Ek neem kennis van bogenoemde voorwaardes**<br>**Handtekening van ouer:** | | |

**Wyse van Betaling (Parafeer in u keuse)**

| Opsie 1 : Eenmalige Vereffening | Parafeer |
|---|---|
| *Ek onderneem om die verskuldigde bedrag in een paaiement te betaal voor **15 Januarie 2027***<br>*('n Korting word toegestaan indien u hierdie opsie kies)* | |

| Opsie 2 : Maandelikse Betaling | Parafeer |
|---|---|
| *Ek sal graag van die geleentheid gebruik wil maak om die skoolgelde in 10 gelyke paaiemente, vooruitbetaalbaar vanaf 1 Januarie 2027 tot 1 Oktober 2027.* | |

| Opsie 3 : Voortsetting van Huidige Debietorder | Parafeer |
|---|---|
| *Ek het reeds van 'n debietorder gebruik gemaak om my rekening met Middelburg Hoërskool te vereffen en sal dit graag wil voortsit* | |

| Opsie 4 : Nuwe Debietorder<br>(Indien u van 'n Debietorder wil gebruik maak of u rekeningnommer het verander, voltooi asseblief ook die Aanhangsel: Debietorder) | Parafeer |
|---|---|
| **Ek versoek u hiermee en magtig u om my rekening by ondergenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek my rekening mag oorplaas) maandeliks as volg te debiteer:**<br><br>Verdeel die skoolgeld wat in 'n betrokke skooljaar teen my skoolgeldrekening gehef gaan word en gee my bank opdrag om dit op die eerste werksdag van elke maand van my bankrekening te verhaal.<br><br>Ek stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. - Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word, deur u skriftelik dertig dae kennis te gee. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u, word as ontvangs daarvan deur my bank geag. | |



013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

***Parafeer***

1. Ek verklaar dat ek bewus is dat 'n eksemplaar van Middelburg Hoërskool se grondwet by die skool ter insae is gedurende skoolure.
2. Ek onderneem om my te onderwerp aan die bepalings van die skool se grondwet en dissiplinêre stelsel.
3. Ek onderneem en verstaan dat toergelde betaalbaar is en nie deel is van my kind se skoolfonds nie. Toergelde is ten volle betaalbaar **VOOR** ‘n leerder op die toer vertrek.
4. Ek verklaar dat die inligting wat in hierdie aansoek verstrek is in alle opsigte waar en korrek is en dat hierdie dokument die grondslag sal vorm van die aanvaarding van bogenoemde kind as leerder van Middelburg Hoërskool.
5. Ek verklaar dat ek bewus is dat Middelburg Hoërskool se taalbeleid Afrikaans is en dat onderrig in Engels slegs aan ‘n **beperkte aantal leerders gebied kan word.**

## Inligtingstegnologie : Beleid en aanvaarbare gebruiksooreenkoms

**Agtergrond**
Elektroniese veiligheid betrek alle elektroniese kommunikasie, insluitend internettegnologie, draagbare apparate (“mobile technologies”) asook samewerkingstegnologie en persoonlike drukwerk. Die gebruik van tegnologie lig egter die behoefte uit dat leerlinge onderrig moet word ten opsigte van die voordele en risiko’s met die gebruik van tegnologie. Verder poog die skool om ook opleiding te bied wat veiligheidsopsies en bewusmaking uitlig om sodoende gebruikers te bemagting om hulle elektroniese ervaring te beheer.

Middelburg Hoërskool streef daarna om ’n dinamiese en gebalanseerde skool te wees, met ’n Christelike grondslag wat voortreflike onderrig bied. Dit is vir Middelburg Hoërskool belangrik dat geen leerder, personeellid of die skool se naam in gedrang kom deur die gebruik van inligtingstegnologie nie.

**Tegnologie in die klaskamer**
<u>Hoekom is die gebruik van die internet balangrik?</u>
Die gebruik van die internet is ’n belangrike gebruiksmiddel vir leerlinge en personeel by Middelburg Hoërskool. Die internet word deur leerlinge buite skoolure gebruik. Dit is egter belangrik vir leerlinge om internet-inligting te evalueer en om hulle eie veiligheid en sekuriteit te verseker.

Die beleid is ontwikkel om nie net leerlinge nie, maar ook personeel en die skool as geheel te beskerm. Hierdie dokument sal jaarliks herevalueer word om die toepaslikheid van die dokument as geheel en die ontwikkeling van tegnologie te inkorporeer en heroorweeg.

**Sosiale Media**
Die gebruik van sosiale media is deel van lewe in die 21ste eeu. Dit is egter belangrik om bewus te wees dat die gebruik van sosiale media positiewe en negatiewe ingesteldhede tot gevolg kan hê.

Die skool handhaaf dat enige gebruik van sosiale media nooit die instelling, skool se naam, sy personeel en betrokkenes negatief mag beïnvloed nie. ’n Opmerking in die sosiale media is soos ’n publikasie in die koerant en ons moet almal versigtig wees om nie lasterlike opmerkings te maak nie.

Die skool en sy beheerliggaam het ’n verantwoordelikheid om die skool se goeie naam te beskerm. Met bogenoemde as agtergrond word ouers versoek om probleme aan te spreek deur direk met gepaste persone by die skool in verbinding te tree en hul nie tot Facebook en WhatsApp wend om griewe jeens die skool te lug nie.

**Tablette en draagbare toestelle**
Die skool is tans besig om die gebruik van tablette te ondersoek en stelselmatig te implementeer. Tablette, soos draagbare toestelle, is deel van die samelewing. Die voordeel van die gebruik van hierdie toestelle strek van elektroniese handboeke tot die gebruik van die internet as onderrighulpmiddel.

Die skool sal die gebruik van tablette toelaat met die ouers se ondertekening van die oueronderneming.

Die gebruik van tablette en draagbare toestelle is toelaatbaar, maar slegs op voorwaarde dat die skool se voorgeskrewe onderneming deur ouers onderteken is. Hierdie toestelle mag slegs in klasse gebruik word waar onderwysers die nut van die toestelle kan rugsteun, bv. vir navorsing.

Tablette bly die leerling se verantwoordelikheid en die skool sal onder geen omstandighede aanspreeklik gehou kan word vir die veilige bewaring en gebruik, batteryleeftyd of data wat deur die leerling gebruik word nie.

Die Inligtingstegnologiebeleid sluit die volgende in:
- Riglyne vir die aanvaarbare gebruik van sosiale media, e-pos en “WhatsApp”-groepe.
- Aanvaarbare gebruikersooreenkoms vir personeel en leerlinge.
- Oueronderneming.


013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

Parafeer

| BUITEMUURSE DEELNAME | | | |
|---|---|---|---|
| Naam van kind | | | |
| Graad | | | |
| Ouer se selfoonnr | | | |
| Ouer se e-posadres | | | |
| **AKTIWITEIT** | **DEELNAME BY HUIDIGE SKOOL (merk met 'n X)** | **IN SPAN** | **PRESTASIE** (BV. EREKLEURE, PROVINSIALE SPAN, ENS.) |
| Akademie | | | |
| Atletiek | | | |
| Bergfiets | | | |
| Gholf | | | |
| Hokkie | | | |
| Krieket | | | |
| Landloop | | | |
| Muurbal | | | |
| Netbal | | | |
| Rugby | | | |
| Skaak | | | |
| Skyfskiet | | | |
| Swem | | | |
| Tennis | | | |
| Trompoppies | | | |
| Ander skoolsport | | | |
| Ander skoolsport | | | |
| Dans | | | |
| Drama | | | |
| Koor | | | |
| Kuns | | | |
| Landsdiens | | | |
| Musiek | | | |
| Redenaars | | | |
| Sang | | | |
| Ander kultuuraktiwiteit | | | |
| Ander kultuuraktiwiteit | | | |
| Leierskap | | | |
| *OPMERKINGS / MOTIVERING* | (Indien Provinsiaal, heg bewyse aan) | | |


013 282 7393/4/5 013 243 5044
O.R. Tambostraat 1 Middelburg, 1050
013 282 4402
ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
www.middies.co.za
P/Sak X251811 Middelburg, 1050
hsmiddelburg @middies.co.za

**Parafeer**

## Aansoek om MERIETE-AFSLAG / BEURS op skoolfonds vir die jaar

**LET WEL:**

- Heg asseblief al die nodige bewyse van prestasies behaal aan.
- Korting op skoolgeld kan toegeken word vir die verwerwing van provinsiale kleure, slegs in 'n **skoolsport en in skoolverband**.
- Die toekenning van meriete-afslag en beurse is in ooreenstemming met die skool se merietebeleid *(hieronder uiteengesit)*, word deur die Beheerliggaam van Middelburg Hoërskool goedgekeur en die besluite geneem, is finaal.
- Beurse wat toegeken is, sal opgevolg word deur 'n kontrak wat deur die ouer en leerder geteken moet word.
- **Slegs prestasies wat in die jaar voor toelating by Middelburg Hoërskool behaal is, sal in aanmerking kom.**

| Merietebeurse (korting op onderriggeld) | |
|---|---|
| Hoofseun / -dogter van Laerskool (> 500 leerlinge) | **10 %** |
| Hoofseun / -dogter van Middelburg Hoërskool | **10 %** |
| Onderhoofleiers van Laerskool (>500 leerlinge) & Middelburg Hoërskool | **5 %** |
| Hoofseun / -dogter van Middelburg Hoërskool koshuis | **5 %** |
| Dux-leerling van die vorige jaar: Graad 8 tot Graad 11 | **10 %** |
| Provinsiale kleure in 'n skoolsport in skoolverband (vorige jaar) A-span | **10 %** |
| Kultuurprestasie op provinsiale vlak (vorige jaar) **in ooreenstemming met MHS se Kultuurbeleid** | **10 %** |

(Indien Provinsiaal, heg bewyse aan)


ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za
***Parafeer***

## Instruksies om die SBO Registrasievorm te voltooi

- **ID-nommers (Suid Afrikaanse burgers) of paspoortnommers (vir buitelanders) is verpligtend.**
- Spesiale Behoefte-onderwys (SBO) – Leerders met spesiale onderwysbehoeftes moet die nodige dokumentasie aanheg wat hulle gebrek sal bevestig.
- Spesiale Behoefte-onderwys (SBO) – **Leerders moet aansoek doen vir spesiale akkommodasies (konsessies) indien benodig (bv. groot druk, ekstra tyd, ens.)**
- Geen-fooi-kandidate (kandidate wat nie skoolgeld hoef te betaal nie) – Kandidate in geen-fooi-skole kwalifiseer outomaties. Ander kandidate het spesiale goedkeuring nodig en moet aansoek doen daarvoor by hul skool indien benodig.
- Sertifikaattaal – Umalusi reik tans net sertifikate in Engels uit.
- LOLT – Taal van Onderrig van die skool.

### SPESIALE BEHOEFTES ONDERWYS (SBO) KODES

| Kode | Gebrek | Merk met 'n X | Kode | Gebrek | Merk met 'n X |
|---|---|---|---|---|---|
| 00 | None – No disability | | 12 | Dysgraphia | |
| 01 | Blind | | 13 | Learning disability | |
| 02 | Partially sighted | | 14 | Attention Deficit Disorder – ADD | |
| 03 | Deaf-blindness | | 15 | Attention Deficit Disorder – ADHD | |
| 04 | Deaf | | 16 | Autism Spectrum Disorder | |
| 05 | Hard of hearing | | 17 | Cerebral Palsied | |
| 06 | Physical Disability - | | 18 | Epilepsy | |
| | *Muscular skeletal:* | | 19 | Fetal Alcohol Syndrome | |
| | Amputation | | 20 | Traumatic Head Injury | |
| | Joint disease | | 21 | Anxiety | |
| | *Neuro muscular:* | | 22 | Bipolar | |
| | Stroke | | 23 | Chronic Disease (Diabetes / Hyper-tension / Asthma / HIV & Aids / TB) | |
| | Hydrocephalus | | 24 | Conduct Disorder | |
| | Spina Bifida | | 25 | Depression | |
| | Cerebral Palsy | | 26 | Mental Illness | |
| | Para/quadriplegia | | 27 | Schizophrenia | |
| 07 | Mild to moderate Intellectual Disability | | 28 | Language Disorder / Aph | |
| 08 | Severe Intellectual Disability | | 29 | Social Communication Disorder | |
| 09 | Profound Intellectual Disability | | 30 | Speech Sound Disorder | |
| 10 | Dyslexia | | 31 | Stuttering | |
| 11 | Dyscalculia | | 99 | Other (please name) | |

**SBO Akkommodasies (konsessies) (bv. ekstra tyd, groot druk, braille, ens.) moet goedgekeur word.**



Parafeer

013 282 7393/4/5 013 243 5044 | O.R. Tambostraat 1 Middelburg, 1050 | 013 282 4402 | www.middies.co.za | P/Sak X251811 Middelburg, 1050 | hsmiddelburg@middies.co.za

**Riglyne vir die aanvaarbare gebruik van e-pos en "WhatsApp"-groepe**

Die gebruik van sosiale media, e-pos en WhatsApp groepe is 'n noodsaaklike deel van 'n onderwyser se daaglikse kommunikasie. Die volgende riglyne is daar om personeel te help in die gebruik van hierdie kommunikasiemiddele.

**Aanvaarbare gebruiksooreenkoms vir personeel en leerlinge**

Ek onderneem om:

- die skool se Inligtingstegnologiestelsel vir skooldoeleindes te gebruik en dit nie te misbruik nie. Dit sluit die Internet, e-pos, digitale video, rekenaars, draagbare tegnologie, tablette, ens. in.
- slegs my eie gebruikersnaam en wagwoord op die skool se netwerk, e-pos en drukkers te gebruik.
- nie my netwerkgebruikersnaam, wagwoord of drukkerskode aan enigiemand te verskaf nie en onderneem om dit gereeld te verander.
- te verseker dat alle kommunikasie, insluitend Facebook en WhatsApp, asook ander tegnologiese kanale met leerlinge, onderwysers en ander op 'n verantwoordelike en logiese wyse sal geskied.
- die Internet verantwoordelik te gebruik. Dit sluit die hulpbronne wat ek soek en my taalgebruik in.
- nie doelbewus inligting wat aanstoot gee sal soek, aflaai, oplaai of aanstuur nie.
- te verseker dat my aanlynaktiwiteite, binne en buite die skool se netwerk nie my skool, personeel, leerlinge of ander skade sal aandoen of die skool se naam in oneer bring nie.
- die skool se benadering tot aanlynveiligheid te ondersteun en nie met opset enige omstrede foto's, video's, klank of teks sal plaas op enige mediaplatform nie.
- nie te poog om die siftingstelsel op enige manier te omseil nie.
- ander se werk en privaatheid aanlyn te alle tye te respekteer.

*Ek verstaan dat hierdie riglyne ontwerp is om my veiligheid te verseker en dat, indien ek dit nie volg nie, die beheerliggaan verdere aksie kan neem.*

| | | |
|---|---|---|
| **Naam van leerder (in drukskrif)** | **Handtekening** | **Datum** |

**Oueronderneming**

Hierdie onderneming sluit die volgene aspekte in:

- Gebruik van sosiale media;
- Gebruik van tablette en draagbare toestelle deur leerders.

Ek as ouer onderneem om:

- nie sake wat my kind raak op sosiale media (bv. Facebook en WhatssApp) te bespreek nie;
- om probleme wat die skool of my kind raak, direk met die skool te bespreek;
- om begrip te toon dat die beheerliggaam, personeel, ouers en leerders die plig het om die skool se goeie naam te beskerm;
- om die skool se sosiale mediabeleid te ondersteun en myself daaraan te onderwerp;
- nie op Facebook of enige ander sosiale mediaplatform van enige aard ook al negatiewe of afbrekende aanmerkings rakende die skool, leerders of personeel te maak nie.

Indien van toepassing: Tablette

Ek as ouer/voog onderneem om:

- die gebruik van 'n tablet deur my kind te monitor;
- die skool se beleid ten opsigte van die gebruik van tablette te ondersteun;
- die verantwoordelikheid ten opsigte van versekering, veilige bewaring en die gebruik van data op myself te neem en te hanteer;
- om my ten volle aan die beleid te onderwerp, dit te respekteer en dit na te kom;
- die toepaslike boete te betaal indien die tablet nie vir die korrekte doelwitte aangewend word nie.

*Let Wel: By die gebrek aan toepassing van hierdie beleid sal oortreders 'n kennisgewing van die beheerliggaam ontvang waarin verdere vervolgingsaksies bespreek sal word.*

| | | |
|---|---|---|
| **Naam van ouer (in drukskrif)** | **Handtekening** | **Datum** |



**Parafeer**

BOTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5 013 243 5044 | O.R. Tambostraat 1 Middelburg, 1050 | 013 282 4402 | www.middies.co.za | P/Sak X251811 Middelburg, 1050 | hsmiddelburg @middies.co.za

**VRYWARINGSVORM**
**Toestemmingsbrief vir 'n leerling om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem en plekke te besoek**

- Hiermee gee ek, ____________________________________________ (ouer/voog) toestemming dat my kind aan buitemuurse akstiwiteite soos sport & kultuur mag deelneem asook uitstappies en toere maag mee maak.
- Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, ingeval van besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeellid toegeskryf kan word nie.
- Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet is my kind fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteit deel te neem en verkeer in goeie gesondheid.
- Ek versoek egter dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let (Noem asseblief aspekte waarvan die onderwyspersoneel bewus moet wees, bv. allergieë, epileptiese aanvalle, geneigdheid tot abnormale bloeding, ens.)

  **Spesifiseer:** __________________________________________________________________________

- Die volgende inligting is noodsaaklik in die geval van mediese behandeling of hospitalisasie:

| | | |
|---|---|---|
| Naam van werkgemer | | |
| Adres van werkgemer | | |
| Naam van mediese fonds | | |
| Lidnommer | | |
| Huisdokter | Dr. | |
| Huisdokter se Telefoonnommer | | |

***Vul slegs in as u van mening is dat u vir 'n verlaagde mediese tarief kwalifiseer (hospitaalbehandeling):***

| | | |
|---|---|---|
| Beroep | Man | Vrou |
| Getal afhanklikes (met inbegrip van eggenoot) | | |
| Ouderdomme van afhanklikes (eggenoot uitgesonder) | | |
| Woonadres van ouer/voog | | |
| Posadres van ouer/voog | | |
| Telefoonnommer | Huis | Werk |
| ID Nommer van ouer/voog | | |

***Besonderhede van persoon wat geskakel kan word indien daar nie met u in aanraking getree kan word nie:***

| | |
|---|---|
| Naam en van | |
| Verwantskap | |
| Telefoonnommer | |
| Adres | |


ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

**Parafeer**

## VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ek, ________________________________ (volle name), verleen hiermee toestemming aan Middelburg Hoërskool om foto's/ beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook, Instagram en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

| | |
|---|---|
| **Naam/name van leerder(s):** | |
| **Naam van ouer/voog:** | |
| **Adres**: | |
| | |
| | |
| **Telefoonnommer:** | |
| **Handtekening van ouer/voog:*** | |

**Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.*



013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg@middies.co.za

Parafeer

## Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

**Toestemming om persoonlike inligting te gebruik**

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, **(NAAM)**________________________, hiermee Middelburg Hoërskool vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder **(NAAM)** _________________________ te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. **Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou**.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat **Middelburg Hoërskool** persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
- **Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word**.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:

❖ Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
❖ Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
❖ Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
❖ Indien verwerking 'n regmatige belang van die data subjek beskerm.
❖ Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
❖ Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree

**U regte ingevolge hierdie toestemming**

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak*. Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting op datum probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek*. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word.

Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

**Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang**

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

| | |
|---|---|
| **Ek stem in** | |
| **Ek stem nie in nie** | |

| | |
|---|---|
| **Handtekening van ouer/voog** | **Datum** |

**Parafeer**



ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

# 2027 Aansoekvorm

| Alle informasie is volledig voltooi en sal ingehandig word (indien van toepassing) | √ |
|---|---|
| Alle dokumente soos op bladsy 1 gespesifiseer aangeheg is | |
| Meriete-afslag beleid op bladsy 6 en 7 is verstaan en korrek ingevul | |
| Vrywaringsvorm op bladsy 12 is verstaan en korrek ingevul | |
| Toelatingsvorm is volledig ingevul en verstaan alles wat daar gemeld word | |

**Ek bevestig en aanvaar dat elke aansoek vir toelating by MHS oorweeg word ooreenkomstig MHS se toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die Beheerliggaam.**

Hiermee verklaar ek, ___________________________________ ouer van ______________________________________

dat bogenoemde inligting korrek en waar is.

Geteken te _____________________________________ op die ___ dag van _______________________ 20____

______________________________
**Handtekening van ouer / voog**

______________________________
**Voorletters en van van ouer (in drukskrif)**

______________________________
**Handtekening van leerling**

______________________________
**Voorletters en van van leerling (in drukskrif)**


ROTSVAS MIDDIES SEDERT 1918
013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg
@middies.co.za

**AANHANGSEL: DEBIETORDER**

**A. *Gesag/Mandaat: Papier/Elektronies***

Rekening Naam: ______________________________

Bank Naam: ______________________________

Taknommer: ______________________________

Rekeningnommer: ______________________________

Tipe Rekening: Lopende (Tjek) / Spaar / Oordrag

Datum: ______________________________

Nommer van leerder in die skool: ______________________________

Bedrag: ______________________________

Aan (Naam van Begunstigde: ***Hoërskool Middelburg***

Debiteure Kode: ______________________________

Afgekorte naam wat gebruik word: "***Middies***"

Ek/Ons magtig hiermee Netcash (Pty) Ltd om betalingsinstruksies aan jou bankier uit te reik en te lewer vir invordering teen my/ons bogenoemde rekening by my/ons bogenoemde bank, op voorwaarde dat die bedrag van sodanige betalingsinstruksies nie van my/ons verpligtinge soos ooreengekom in die kontrakverwysingsnommer sal verskil nie.

Die individuele betalingsinstruksies wat so gemagtig is, moet uitgereik en afgelwer word op die datum wanneer die verpligtng ingevolge die ooreenkoms verskuldig is en die bedrag van elke inviduele betalingsinstruksie mag nie verskil soos ooreengekom in die ooreenkoms nie.

Ek/ons stem sam dat die eerste betalingsinstruksie slegs op die 1ste werksdag van elke maand uitgereik en afgelewer sal word.

As die datum van die betalingsinstruksies egter op 'n nie-verwerkingsdag (naweek of openbare vakansiedag) val, stem ek in dat die betalingsinstruksie op die volgende werksdag teen my rekening gedebiteer kan word;

**A.** MANDAAT

Ek/ons erken dat alle betalingsinstruksies wat deur jou uitgereik word, deur my/ons begenoemde bank behandel sal word asof die instruksie deur my/ons persoonlik uitgereik is.

**B.** KANSELLASIE
Ek/ons stem saam dat alhoewel hierdie gesag en mandaat deur my/ons gekanselleer kan word, sodanige kansellasie nie die ooreenkoms sal kanselleer nie. Ek/ons verstaan ook dat ek/ons nie bedrae kan terugeis wat van my/ons rekening (betaal) is ingevolge hierdie gesag en mandaat as sulke bedrae wettiglik aan jou verskuldig is nie.

C. BOETEFOOI
Ek/ons erken dat dat 'n boetefooi van **R95.00** betaal moet word vir onsuksesvolle debietbetalings,

Geteken ………………………………………….. op hierdie …………dag van ……………………………20 ……

……………………………………………
HANDTEKENING

013 282 7393/4/5
013 243 5044
O.R. Tambostraat 1
Middelburg, 1050
013 282 4402
www.middies.co.za
P/Sak X251811
Middelburg, 1050
hsmiddelburg@middies.co.za